



## N-BEMESTING VIR SOJAS?

Moet 'n sojaboonboer wat na 'n opbrengs van meer as 3 ton per hektaar mik, met stikstof bemes?

Mnr. Guy Thibaud, grondkundige en spesialisnavorsers van KwaZulu-Natal se departement van landbou en omgewingsake, meen nee.

Hy het op die KwaZulu-Natalse Geenbewerkingsklub se jaarlikse konferensie op Drakensville gesê as jy seker is jou sojabone bind behoorlik stikstof, wat byvoorbeeld beteken die molibdeenvlakke in jou grond is voldoende en daar is ordentlike nodulasie op die plantwortels, is dit onwaarskynlik dat bykomende stikstofbemesting die koste regverdig.

“Daar is wel berigte dat sojabone gunstig op stikstofbemesting reageer, maar as jy na

As jy seker is jou sojabone bind behoorlik stikstof uit die atmosfeer, regverdig bykomende stikstofbemesting nie die ekstra koste nie, is op KwaZulu-Natal se jaarlikse geenbewerking-konferensie gesê.

FOTO: JOHN CHANEY, WWW.SUAGCENTER.COM

die ekonomie daarvan kyk, is dit beslis nie die ekstra koste werd nie.”

Gevra oor sanderige gronde, het Guy gesê in hul proewe was daar in grond met 10% tot 12% klei geen ekonomiese voordeel in bykomende stikstofbemesting nie.

Ook sir John Landers, geenbewerking-spesialis van Brasilië, het gesê 45 jaar se ondervinding in dié land het gewys stikstofbemesting van sojabone is onnodig.

– MARLEEN SMITH

## GEBRUIKTE PLAASTOERUSTING AANLYN OPGEVEIL

'n Veilingmaatskappy wat reeds in die mynbou gevestig is, gaan nou ook gebruikte plaastoerusting aanlyn begin opveil.

Clear Asset, Suid-Afrika se toonaangewende mynbouveilingmaatskappy, het die snelgroeende aanvraag na betroubare, gebruikte plaastoerusting raakgesien. Die bestaande platforms waar 'n mens sulke toerusting in die verlede in die hande kon kry, was uiters beperk, lui 'n verklaring.

Die maatskappy verteenwoordig die meeste groot myne en kontrakteurs in Suid-Afrika, soos Anglo American, Sibanye Gold, Glencore, Exxaro, Rockwell, Diesel Power, Genet en Anglo Gold Ashanti, en was byvoorbeeld die eerste in Suid-Afrika wat 'n sleepgraafmasjien

Mnr. Warren Schewitz en me. Ariella Kuper, stigters van die mynbou-veilingmaatskappy Clear Asset, het hul bedrywighede nou ook na die mark vir gebruikte plaastoerusting uitgebrei.

FOTO: VERSKAF

van 3 300 ton opgeveil het.

Tans word meer as die helfte van Suid-Afrika se mynboubates wat Clear Asset opveil, deur buitelandse kopers opgeraap, van die SAOG-lande tot Peru en Saoedi-Arabië, en die maatskappy voorsien dat dieselfde met die landboutoerusting gaan gebeur.

Op die eerste landbouveiling, wat einde September gesluit het, is verskeie bates van die landboumaatskappy Afgri aangebied. Dit het verskeie stropers, trekkers en spuite, almal van John Deere, ingesluit.

– MARLEEN SMITH

Navrae: Neels Olivier, sel **082 321 7079**; webwerf: [www.clearasset.co.za](http://www.clearasset.co.za).



## AL HOE MEER BOERE SPAN SLIMFONE IN

Die tempo waarin boere hul slimfone gebruik om mark-inligting te kry, groei teen 'n spoed.

Die CME-groep, wat die toonaangewende Chicago-beurs insluit, sê die aantal mense wat slimfone gebruik om markinligting te bekom, is nie 'n verrassing nie. Meer as die helfte van Amerikaanse boere besit immers 'n slimfoon.

Sedert 2011 het die aantal mense wat die pryse van graan en lewende hawe vanaf die CME-groep se webwerf deur 'n selfoon of tablet bekom het, met 210% gegroei tot sowat 850 000 unieke besoekers verlede jaar.

Een moontlike verklaring is die toename in toepassings in die afgelope twee jaar. Dit het saamgeval met groot prysveranderinge op die landboumarkte, sê die CME.

Ook onder Suid-Afrikaanse landboumarkdeelnemers is daar 'n besliste swaai na slimfone, sê mnr. Woerie de Villiers, direkteur van Farmwise.

Dié graanhandelaar se F-Wise Trader-toepassing stel sy kliënte in staat om vanaf 'n tablet of slimfoon landboukommoditeite of valuta te verhandel (sien *Landbouweekblad*, 1 Augustus 2014).

Mnr. Chris Sturgess, hoof van die JSE se kommoditeitsafdeling, bevestig 'n besliste beweging in die rigting van slimfone. “Dit is nie net onder boere die geval nie. Die meeste markdeelnemers is meer mobiel en wil voortdurend inligting bywerk.”

Gaan belyk die CME-groep se kaart oor slimfoongebruikers by <http://goo.gl/S74hh3>. – MARLEEN SMITH

## MET 'N KLIK

Op die webwerf Horticulture International (<http://hortintl.cals.ncsu.edu>) kan enigeen wat groente of vrugte verbou, gratis tegniese inligting vir sy spesifieke boerdery kry. Maak nie saak of jy die jongste inligting oor byvoorbeeld die eksotiese chupachupa-vrug uit Suid-Amerika nodig het nie, of doodgewoon oor iets soos aarbeie, dié webwerf belooft om dit te voorsien.

Dit is 'n projek van die Noord-Carolina-staatsuniversiteit in Amerika, wat begin is om gereelde tegniese nuusbriewe aan Amerikaanse boere te versprei. Deur die webwerf is dit nou vir boere, landboukundiges en voorligters oor die hele wêreld beskikbaar, sê mnr. José Cisneros van die universiteit se departement hortologie. – MARLEEN SMITH

Laat weet-gerus vir [marleen.smith@landbou.com](mailto:marleen.smith@landbou.com) as jy op nuttige landbougerigte webwerwe afkom waarvoor ons hier meer kan vertel.

